

**Skriflesing:** Openbaring 2: 8-11

Teks: **Openbaring 2: 9-10**

Sing- **VOORAF SANG: Ps. 99:1,2**

**TYDENS EREDIENS: Ps. 107: 1,7; Ps. 72:1; Ps. 97:6,7; Sb. 15-3 (39):1,4,5**

**Openbaring 2: 8-11**

**Rev 2:8** Skrywe aan die leraar van die gemeente in Smirna: So sê die Eerste en die Laaste, wat dood was en weer lewend geword het:

**Rev 2:9** Ek ken julle verdrukking en julle armoede, **en tog is julle ryk**. Ek weet ook van die kwaadstokery van die mense wat daarop aanspraak maak dat hulle Jode is, en dit nie is nie, maar tot die sinagoge van die Satan behoort.

**Rev 2:10** Moenie bang wees vir wat julle alles gaan ly nie. Kyk, die duiwel gaan party van julle in die tronk laat gooi, sodat julle in beproewing sal kom, en julle sal tien dae lank baie swaar kry. Bly getrou tot die dood toe, en Ek sal julle die lewe as kroon gee.

**Rev 2:11** Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê. Dié wat die oorwinning behaal, sal beslis nie deur die tweede dood getref word nie.

**Skriflesing:** Openbaring 2: 8-11

Teks: **Openbaring 2: 9-10**

Sing- **VOORAF SANG: Ps. 99:1,2**

**TYDENS EREDIENS: Ps. 107: 1,7; Ps. 72:1; Ps. 97:6,7; Sb. 15-3 (39):1,4,5**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons beweeg vanaf Efese, die eerste van die sewe gemeentes waar ons verlede Sondag was, net 'n end noordwaarts. Ons kom by Smirna vandag. Die Here het vir Smirna 'n besondere brief ook deur sy gesant Johannes nagelaat. Wie na Smirna in daardie tyd sou gaan, sou deur die stad se skoonheid en weelde en rykdom aangegryp word. Vandag nog is daar in Turkye die stad Izmir, naastenby op dieselfde plek waar Smirna geleë was. Dit is steeds Turkye se grootste uitvoerhawe. Daar is opgrawings wat toon dat selfs 17eue voor Christus, daar al mense in hierdie geweste gewoon het. Wie van Smirna praat, praat van 'n baie ou-ou plek. Die woord Smirna beteken letterlik mirre ... Iets wat bitter kan wees maar tog ook lekker ruik. Dalk sê dit al iets van om in daardie jare 'n ware gelowige in Smirna te moes wees. Die lewe sou vir die Christus-kind bitter wees maar tog moet die kind van God nie ophou om steeds 'n aangename geur te versprei nie.

\*\*\*

Soos Efese dan 'n hawestad was, so is Smirna dit ook, wel ook met goeie paaie en verbindings na die binneland. In alles het geld en rykdom hier 'n baie groot rol gespeel. Daar was 'n tyd wat die drie stede Efese, Smirna en ook Pergamus met mekaar meegeding het wie nou die rykste, die mooiste, die grootste stad in Klein-Asië kon wees. Smirna het waarskynlik hierdie stryd gewen toe daar dan ook later 'n muntstuk gedruk was wat 'n klein sinnetjie onderkant gestaan het – wat gewoon sê *in grootte en skoonheid*.

Broeder en suster, wanneer al die dinge oor 'n stad geskryf staan, dan beseft ons as gelowiges in Christus was dit juis met die christene in hierdie mooi plek só die teenoorgestelde! As 'n dorp of 'n stad in geheel in armoede gedompel is en die gelowige kry swaar met die res van die omgewing dan kan dit dalk in 'n sekere sin makliker wees om in sulke uiterste armoede tog maar aan te gaan. Maar as die meeste mense in jou dorp of stad eintlik baie welvarend is, sommige sou sê hulle is stinkryk, maar die arme gelowiges daar, hulle wat alles moes prysgee omdat hulle in Christus begin glo het, dan word die beleving en die werklikheid van wat van ons gevra word om nog kerk van die Here te wees nie meer so maklik nie.

\*\*\*

Inteendeel die brief aan die spesifieke gemeente begin weer met die besondere deel soos eintlik al die briewe begin waar Jesus sê – Ek weet wat aangaan. Elke brief begin met die besondere twee woorde – EK KEN ... Anders gestel soos ons in Openbaring 1 al kon hoor, God kyk en God wat ken, ja tussen die *kyk van God* en die *ken van God...* is by God één saak, Hy sien alles en Hy ken alles.

En hoor dan wat sê die Here vir hierdie kerk van Hom wat in die kern van baie baie rykdom geleë was, die rykes is orals rondom hulle uitkenbaar, maar die brief aan die hierdie Kerk begin - *9 Ek ken julle verdrukking en julle armoede ...* Die kerk het op geen wyse deel aan hierdie baie ryk stad se groot welvaart nie! Dit maak die werkbaarheid en die werklikheid van jou geloof nie makliker nie. Hoekom gaan dit met my buurman so goed, hy/sy wat glad nie in Christus glo nie, kyk hoe gaan dit met ons in hierdie kerk. Ja, ons almal, lidmaat na lidmaat in hulle verslete klere en armoede wat mos naderhand soos 'n stigma aan mense kan kleef. Jy sien sommer daardie mens het dit nie breed nie, arm, baie sal sê versukkel, dis asof die gesigte en die liggame dit nie kan wegsteek nie. Die arm man se gesig net meer versonke en vol van die harde lewe se merke, die arm vrou dra hierdie gewaad en hierdie rok eintlik maar dag na dag, ja hier sit sy vandag weer in dieselfde rok, al sal sy daardie rok maar weer in die week ook moet aantrek.

Dis hoe die deursnee-lidmaat in Smirna gelyk het, baie arm, juis omdat hulle geglo het. Want het die rykes mos baie keer hulle maniere wat op so 'n slinkse wyse met die metodes van Satan kan saamwerk. En dis baie keer jou eie mense, in hulle geval heelwat Jode, wat vir hulle medemens nie 'n flenter omgee nie. Daar was baie Jode in Smirna. Veral na die val van

Jerusalem in 70nC het groot getalle Jode na Smirna uitgewyk. Jode wat ook baie kruiperig was vóór die Romeinse owerheid, ja wat baie dinge sou prysgee, selfs die gesonde leer in Christus nie wou aanvaar nie, net om nie in onguns by die regering van die dag te wees nie! Dis waarom die brief ook iets sê van hulle wat sê *dat hulle Jode is, en dit nie is nie, maar tot die sinagoge van die Satan behoort.*

\*\*\*

Die ware betekenis van die woord Jood, is afleibaar van die woord *Juda-* en *Juda* beteken direk vertaal- *hy wat God loof*. Maar hierdie mense wat hulleself Jode noem, hulle was beslis nie besig om God deur hulle optrede, hulle denke, hulle hele mens-wees te loof nie. Dis waarom Christus dit noem dat hulle voorgee dat hulle Jode is ... Inteendeel hulle was die oorsaak dat baie van die christene werkloos geraak het, dat hulle selfs dakloos geraak het, want het juis die Jode die oorsaak gewees dat daar 'n al hoe groter stigma aan die kerk daar begin kleef het. Soos in Efese 'n stryd tussen lig en duisternis hom afgespeel het so sien ons in die inleidende deel van Smirna daar is 'n stryd tussen lewe en dood - Dis Christus wat sê – ja wat in hierdie stryd vir die gemeente kan sê, julle moet nie vrees dit wat die liggaam kan doodmaak nie. Luister mooi na hoe Christus Homself in hierdie gemeente voorstel- Dit sluit so direk aan by sy Alfa en Omega begin in Openbaring 1 ... *So sê die Eerste en die Laaste, wat dood was en weer lewend geword het:*

Christus assosieer Homself direk met sy kinders se lyding. Hy wat Self aan die hand van die Jode gely het, gekruisig is, gesterf het ... Dis Jode wat geskreeu het *Kruisig Hom, kruisig Hom...* Nou is dit weer Jode wat maak asof hulle volk van God is, wat met hulle sinagoge-gesigte die sinagoge kan vol sit maar eintlik haat hulle nie net die Christus nie, nou word die christene net soveel gehaat en vervolg. Die Jode het met die Romeinse heidene heelhartig saamgewerk om die gelowige mens te verarm. Daar was al lankal iets van 'n onteiening sonder vergoeding in hierdie geweste aan die gang. Die Jode was die mense wat na die Romeinse keiser gegaan en allerhande valse klagtes is teen hierdie gelowiges gelê wat tot die onteiening van hulle besittings geleidelik het sonder dat hulle iets daarvoor gekry het!

\*\*\*

Op godsdienstige terrein was die Jode net so geslepe. Hulle het met die Romeine 'n kompromie aangegaan dat hulle wel in Smirna 'n Joodse sinagoge kon oprig wat deur die Romeine beskerm

sou word. Tog het die Romeine vereis dat die sinagoge alleen toegelaat sou word as hulle wat Jode is vir die keiseraanbidding in hulle sinagoge voorsiening maak. Teen die sinagoge se mure was daar eerbewyse, skilde, kranse en adresse ter ere van die Romeinse keiser. Watter verskriklike besluit waartoe hierdie Jode ingestem het. Die verarmde klein kerkie van Christus het sodanige optrede verag en dit het hulle as Christus-gelowiges in die stad en in soveel mense se oë is daar nog meer en harder op hulle neergesien.

Die Jode sou sê ... Hoe kan hulle tog só wees! Besef hulle nie die voordele, ook op godsdienstige terrein as ek bereid is om maar net 'n bietjie toe te gee nie. Smirna se ware gelowiges was mense wat dikwels die hardste armoede en om vir jou geloof vervolgd en gedood te word direk in die oë moes kyk. Hulle moes daarvoor nie terugdeins as die ware geloof jou lewe kan kos nie.

\*\*\*

Ja, uit die kerkgeskiedenis word dit ook bo redelike twyfel aanvaar dat die predikant in daardie gemeente 'n man was genaamd Polycarpus. Ja, 'n ster in Christus se regterhand wat nog geleef het toe hierdie brief aan Smirna daardie Sondagmôre gelees kon word (vgl. Op 1 se einde..). Toe was hy nog 'n jong man. Dieselfde Polycarpus het deurgemaak wat die brief hulle nie in die duister sou laat nie. God wil nooit sy Kerk in die duister laat nie, want heelwat jare na hierdie brief en profesie aan Smirna, omtrent so 155nC toe Polycarpus 86 jaar oud was, kon die woorde van die brief aan Smirna hom steeds soveel troos bied, al is dit meer as 50 jaar later. Want sou die Romeine en daardie sinagoge gepeupel Polycarpus dwing dat hy hardop moes uitroep *Die keiser is Here ...* Hulle het hom selfs voor die prokonsul gebring wat hom wou dwing dat hy aan die keiser trou moet sweer, Christus moet vloek dan is hy 'n vry man. Die woorde van Polycarpus was toe dat “86 jaar lank het ek Jesus gedien en nooit het Hy my enige leed aangedoen nie. Hoe kan ek my Koning en Verlosser nou vloek”. En daarby het Polycarpus toegevoeg – “Ek is 'n Christen ...”

Die Romeinse prokonsul het hom toegeskree “Aangesien jy die wilde diere verag gaan ek jou met vuur verband as jy nie tot inkeer kom nie”. Polycarpus het geantwoord- “Jy dreig my met 'n vuur wat maar 'n paar uur brand en dan is dit uitgeblus, maar jy vergeet van die vuur van die ewige oordeel wat bedoel is vir die goddelose. Waarom aarsel jy? Voer jou voorneme uit!”

Polycarpus is toe op 'n brandstapel vasgemaak en aan die brand gestee en weer was dit die Jode wat Christus verag het wat die hout baie ywerig op die brandstapel gepak het.

\*\*\*

Polycarpus sou sekerlik Jesus se besondere woorde in vers 10 altyd onthou, selfs op die brandstapel, want die Here weet wat hulle deurmaak en wat hulle nog gaan deurmaak. *10 Moenie bang wees vir wat julle alles gaan ly nie. Kyk, die duiwel gaan party van julle in die tronk laat gooi, sodat julle in beproewing sal kom, en julle sal tien dae lank baie swaar kry. Bly getrou tot die dood toe, en Ek sal julle die lewe as kroon gee.*

\*\*\*

In hierdie spesifieke vers staan so baie opgesluit, swaar om te aanvaar maar tog ook troosvol as ons die volle betekenis onself aantrek. Die swaar deel is daar is geen belofte dat dit binnekort beter sal gaan nie. Daar word geen melding gemaak van lyding wat sal ophou nie, intendeel tussen die lyne staan dit dat die lyding nog swaarder gaan word in dit wat reeds vir hulle baie swaar was. Polycarpus is ook die bewys daarvan!

Die duiwel het nie alleen spesifieke metodes wat in elke gemeente aangewend en afgewissel word nie, maar Satan is in alle geval altyd in sy verskillende metodes ook baie aktief. As Satan in Efese dit kon regkry dat die werklike stryd tussen lig en duisternis al hoe hewiger word dat dit later lyk die leuen kan ook as waarheid dien en die stryd tussen leuen en waarheid word al moeiliker om te onderskei, dan waarsku die Here as julle jul aan die duisternis gaan oorgee, julle begin al meer julle eerste liefde te verlaat dan kan die Here sy ligdraer, sy kandelaar, sy lamp heeltemal verwyder. De Here het in Efese gewaarsku dat dit net ene duisternis in hulle kerklike lewe kon word. 'n Kerk waar die liefde nie liefde wek nie, kan mos nie kerk bly nie! Die lamp kan verwyder word! In Efese was Satan se metode om die stryd tussen lig en duisternis aan te blaas, dat selfs liefde kan wegraak. In Smirna is die duiwel se metode om die stryd tussen lewe en dood al hewiger te maak.

\*\*\*

Tog die opmerklike in Smirna is dat die Here in die gemeente nie spesifiek iets noem wat verkeerd was nie. Ja, Smirna is maar een van twee gemeentes as ons na die briewe aan die sewe gemeentes in geheel sou kyk dan noem die Here nie iets spesifiek wat in Sy oë as die verkeerde en as kwaad en as sonde aangewys word nie. In vyf van die sewe gemeentes is daar elke keer iets

wat God nie aanstaan nie, maar net Smirna en Filadelfia was deur Christus uitgesonder as kerke waar die goeie so sterk staan dat die slegte nie pertinent genoem word nie.

Dalk ook omdat God weet, ja God wat sê - *Ek ken jou werke en jou verdrukking en jou armoede*. Hulle beleef die slegte alreeds so intens daarom dat die goeie uit God se oordeel ons teksvers so besonders maak – *Tog is julle ryk ...* of soos die ouer vertaling sê- *maar julle is ryk ...* Dis 'n rykdom niks met geld te make nie, dis 'n rykdom wat geld in alle geval nie kan koop nie, al word al die geld in die wêreld saamgevoeg ... Om in Christus ryk te wees, wys die groot verskil tussen die arme ryke en die ryk arme. Die arme rykes in Smirna het gedink sonder Christus is ons ryk, kyk al ons skatte maar in der waarheid is hulle die arme rykes ... terwyl dié wat daar materieel werklik arm was, kyk hoe ellendig lyk hulle, maar in hulle geloof was hulle standvastig en het in Christus hulle rykdom gesien, ja hulle is die ryk armes wat die Here sê hulle swaarkry sal 10 dae lank wees.

\*\*\*

In die getal 10 is daar ook besondere simboliek. Al gaan daar definitiewe en baie swaar dae oor hierdie kerk kom, hulle swaarkry is nog nie verby nie, maar die pertinente merker *10 dae* wys die Here stel ook 'n tydperk, 'n vasgestelde tyd wanneer die swaar sal moet ophou. Die Here regeer ook oor die 10 dae lank met baie swaar kry maar dit word wel afgegrens met die getal 10. 10 is 'n getal wat alle wiskunde omvat. Vanaf 0 – 9 is 10 syfers. Met hierdie 10 syfers word alle wiskunde omvat.

Geliefdes Christus se brief aan Smirna moet in ons tyd ons ook op besondere wyse weer bemoedig. Christus wat alles weet, wat selfs weet wat dit is om dood te wees, ja wat die angste van die hel tot in die dood toe gely het, maar dit wat Hyself sê is die grootste oorwinning wat daar kon wees. *Hy wat weer lewend geword het*. As Jesus dan ook vandag vir jou hierdie 4 dinge sê – *Ek ken jou werke, jou verdrukking, jou armoede, die lastering teen jou ...* dan bedoel Christus waarlik wat Hy sê- Hy weet wat dit is om deur hierdie 4 dinge te gaan. Hy weet van sy kinders wat hulle aardse lewe, wat die eerste dood moes ingaan net omdat hulle die Naam van Christus enduit bely het en niks teen Hom wou doen nie.

Daar is baie mense vandag wat ook eintlik maar in die sinagoge van die Satan baie meer tuis is as wat hulle hier tuis sal wees. Laat hulle ons nie afskrik nie! Smirna wat op die oog af so arm gelyk het maar sê die Here julle is ryk! Die mooiste diamante lê onder die lelikste gruishope. Mag dit jou en my troos wees ook in hierdie tyd. Ons weet God se rykdom is nie goedkoop nie. God se genade is ontsettend duur – dit het die bloed van sy Seun Jesus Christus gekos!

Daarom dat die dubbele belofte aan die einde van die brief ook ons deel mag wees. By Efese kon ons deel kry aan die boom van die lewe wat in die paradys van God is. Hier aan die einde van die brief is vir ons 'n dubbele belofte. Die kind wat in die Here sterwe wil Jesus die kroon van die lewe gee. Hierdie kroon verwys eintlik ook na 'n lourierkrans. In die Romeinse wêreld was 'n wenner op die atletiekbaan bekroon met 'n lourierkrans. Dit is op die wenner se kop gesit soos ons nou ook weer dit by die Olimpiese Spele kon sien. Hier ontvang die kind van God die lewe as 'n lourierkrans. Dis alreeds so 'n ryke bekroning maar voeg die Here hierby, dié wat die oorwinning behaal sal beslis nie deur die tweede dood getref word nie. Watter besondere troos. Daar was in Smirna baie mense wat deur die eerste dood getref was juis omdat hulle in Christus geglo het, maar die tweede dood kry geen vatkans op die ware kind van God in Christus nie.

Die tweede dood beteken om die hel te moet in. Ja, hoe verskriklik hierdie gelowiges se lyding op aarde ook mag gewees het, is dit 'n lyding wat in alle geval op geen wyse vergelyk kan word met die lyding aan die tweede dood verbind nie. Daar wil geen mens ingaan nie, maar almal buite Christus om sal daardie dood sterwe. 'n Dood wat geen mens jou die lyding daarbinne kan indink nie! Daarom laat ons die dinge wat nou swaar mag wees vat soos dit kom, dag na dag. Hou vas aan jou geloof, al sluit dit in verdrukking, armoede, lastering van ander mense, maar laat ons volhard in die werke wat ons weet Christus roep my daartoe om daarmee te volhard. Dit wat ons laat voel as kerk, só kan ons nie aangaan nie, mag ons weet ons kan aangaan. Elke een moet dit weet en moet dit glo want die kroon van die lewe wil jou en my ook bekroon.

AMEN